031 764 1972 (Suid-Afrika)
Posbus 99, Kloof, 3640
conquest@iafrica.com
www.conquestaolympiads.com
Reg. Nr: 1998/004248/23

Grade 1-9 jaarlikse akademiese skool olimpiades
Alle vakke in die kurrikulum word gedek
Beskikbaar in Afrikaans en Engels

Conquesta Olimpiades Inligting

Skole

Algemeen

- Conquesta Olimpiades word in veelkeusige formaat aangebied en bied 'n uitdaging aan die leerder se kennisvlakke in die onderskeie vakke (soos 'n geskrewe vasvra). Dit verskaf insig aan Onderwysers omdat leerders gemeet word aan nasionale en internasionale gemiddeldes n.a.v. die uitslae van alle deelnemende skole.
- Alle leerders behoort aangemoedig te word tot deelname; ongeag akademiese vermoëns. Vraestelle is ontwerp om leerders aan te moedig en te ondersteun sodat hulle hul deelname kan geniet. Onderwyserbystand word toegelaat by Graad 1, 2 & 3 leerders deur die teks hardop uit te lees, en kan hulle toelaat om in pare of groepe te werk. Elke leerder moet egter self op die regte antwoord besluit. Graad 4 – 9 leerders moet individueel skryf en nie in pare of groepe nie.
- Die Olimpiades sal nie die skool se leerplan of eksamens belemmer nie.
- Leerders kan aan enige aantal van die olimpiades deelneem.
- Let asseblief daarop dat ons vir skole in Suid-Afrika alles per koerier (deur-tot-deur) stuur. Arbeid en onkostes vir die skole is minimaal. Alles word per epos gestuur aan skole buite Suid-Afrika. Ons voorsien 'n getikte brief aan ouers wat u kan uitdruk en saam met die leerders huis toe stuur sodat hulle vakke kan kies en die inskrywingsgeld saamstuur. Volg slegs die eenvoudige riglyne wat verskaf sal word. Slegs inskrywings wat op ons vorms ingevul is sal per e-pos aanvaar word. **Alle vorms en inligting oor die Olimpiades kan vanaf ons webtuiste by www.conquestaolympiads.com afgelaai word.**

Waarbog

- Ons bevestig dat ons 'n professioneel gedrewe besigheid is wat slegs skoololimpiades aanbied. Ons toegewyde personeel en paneellede is beroepslui in hul onderskeie velde, d.w.s. opvoeding, adminitrasie en I.T.
- Ons waarborg dat sertifikate elke deelnemende skool teen die einde van Oktober sal bereik sodat dit beskikbaar kan wees vir die opwinding van jaarlikse prysuitdelings.
- In ons strewe na uitnemendheid waarborg Conquesta 'n volle vergoeding van inskrywingsfooie as ons nie ons verbintenisse nakom nie.
- Conquesta verskaf wêreld klas gehalte diens. Ons doelspesifieke sagteware behartig doeltreffende en akkurate administrasie van die algehele proses; vanaf die ontvangs van inskrywings tot die druk en pos van die sertifikate.

Sertifikate

- ELKE deelnemer sal 'n A4 kleursertifikaat ontvang, ongeag die uitslae. Die skool ontvang ook 'n sertifikaat waarin die gemiddelde prestasie, bereken vanuit die 10 hoogste persentasies in elke vak/graad, weerspieël word. Sertifikate sal per koerier gestuur word aan skole in Suid-Afrika en per epos aan skole buite Suid-Afrika. Indien skole buite Suid-Afrika hul sertifikate gedruk wil hê en verkies dat dit gestuur word per koerier, sal die koerier kostes wees vir die skool se rekening.
- Uitslae word aangedui op sertifikate in kategorieë volgens die onderstaande prestasies:-

Platinum	:	85% - 100%
Diamant	:	76% - 84%
Goud	:	70% - 75%
Silwer	:	60% - 69%
Brons	:	50% - 59%
Koper	:	0% - 49%

- Slegs leerders wat 50% en meer behaal in enige vak sal die werklike persentasie op hul sertifikate gedruk hê.

Bv., Wiskunde 2 : Diamant (79%), of Wiskunde 2 : Koper.

- Sertifikate kan gerus by die skool se prysuitdelingseremonie aan die einde van die jaar uitgedeel word.

Top 20-skole *(Uitslae beskikbaar op ons webtuiste.)*

- Skole het 'n minimum van 10 leerders per vak/graad nodig om vir die Top 20 te kwalifiseer.
- Top 20 uitslae word bereken deur ***slegs die 10 hoogste persentasies behaal in elke vak/graad*** om te verseker dat **swakker leerders NIE u skool se resultate afwaarts sal dwing** in berekening van die Top 20 nie. Dus kan skole soveel leerders inskryf as wat hulle wil.
- Elk van die Top 20-skole sal 'n **Sertifikaat van Uitnemendheid** ontvang teen einde Februarie van die volgende jaar, waarop hierdie prestasie weerspieël word.
- Die Top 20 skole vir die voorafgaande jaar kan jaarliks in Februarie op ons webtuiste besigtig word.

Hoogste Puntstelsel – Nasionale Gemiddeldes en Statistieke *(Uitslae beskikbaar op ons webtuiste.)*

- Die uitslaelys wat elke deelnemende skool ontvang, tesame met hul sertifikate aan die einde van elke jaar, weerspieël elke leerder se persentasie en die skool se werklike gemiddeldes volgens graad en vak, bereken vanuit al die individuele uitslae.
- 'n Aparte verslag van gemiddeldes per leerarea vir graad 4 – 9 (Wiskunde, Wetenskap & Tegnologie) word ook voorsien, wat skole in staat sal stel om hulle sterktes en tekortkominge in hierdie vakke, per graad en leerarea, te assesseer.
- Die nasionale gemiddeldes, bereken vanuit die werklike uitslae van alle deelnemende skole, is beskikbaar op ons webtuiste in die begin van die volgende jaar.

Vorige vraestelle *('n Goeie afrigtingswerktuig voordat leerders die Olimpiades skryf.)*

- Ons **ou vraestelle** is 'n wonderlike hulpbron vir besige Onderwysers en kan vir voortbouing in die klaskamer gebruik word. Dit word enige tyd deur die loop van die jaar te koop aangebied.
- U kan vorige vraestelle aanlyn bestel by: www.conquestapastpapers.com of u kan die vorms aflaai. Alternatief, kan u ons kontak by (031) 794-1972 of africa@conquestapastpapers.com.
- Vorige Vraestelle word per epos gestuur of met 'n direkte skakel om dit af te laai. U kan soveel afskrifte maak soos u skool benodig.